*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (38/24)*
**(Volg my op X justchad_cga)**
*Justin Chadwick 20 September 2024*

***"The illiterate of the 21st century will not be those who cannot read and write, but those who cannot learn, unlearn and relearn" Alvin Toffler***

## CITRUS GROWERS' ASSOCIATION OF SOUTHERN AFRICA (CGA) – DIE SPAN

Die afgelope week het die CGA 'n spanbou-, personeelnetwerksessie in KZN gehou. Noudat die CGA-personeel oor die land versprei is, was dit 'n ideale geleentheid om met mekaar te vergader en te besin oor wat ons doel, ambisie en dryfkrag is.
Uit die twee-dag sessie kon ek aflei dat sitrusprodusente in Suider-Afrika uiters gelukkig is om so 'n groep toegewyde, ambisieuse en hardwerkende individue aan hul kant te hê.
Laat ek die span voorstel. Op die uitvoerende vlak is daar myself as uitvoerende hoof, **Paul Hardman** as bedryfshoof, en **Tanya Ungerer,** die uitvoerende PA. Die marktoegangsgroep bestaan uit **Deon Joubert** (Spesiale Gesant EU en VSA), ek en die twee nuwe dames, marktoegangsskakelbeamptes **Jana Janse van Rensburg** en **Amy Grundling**. Die logistieke en spesiale uitvoerprogramgroep is **Mitchell Brooke**, **Faisal Asmal** en **Rauff Dawood**. Die span wat verantwoordelik is vir data-analise, inligting en intelligensie bestaan net uit dames – **Precious Kunota**, **Portia Magwaza** en **Hesti Botha**. Verbruikersversekering word gelei deur **Albert Coetzee,** met **Paula Bester** en **Paul Hardman** wat die span voltooi. Die administrasie-span bestaan uit **Robert Miller** en **Shelly Crosson** (finansies en besigheidsadministrasie), en **Andrea Jackson** (HR).
Hierdie sewentien individue vorm die ruggraat van die CGA. Ook lede van die span is konsultante **Dave Watts** - logistiek, **Graham Barry** - kwaliteitstandaarde, **Andrew du Toit** - IT en rekenaars, die Resolve-span (**Paul Boughey**, **Loftus Marais** en **Gerhard Mulder**) - "advocacy" en media; en CGA oorsese verteenwoordigers is **Nick Gutierrez** in die VSA, **Rocco Renaldi** in die EU, **Mikhail Fateev** in Rusland, en **Sachin Khurana** in Indië.
Die CGA-personeel is gefokus op wat die beste vir sitrusprodusente van Suider-Afrika is. Ons kry rigting van die CGA raad.

## *CGA CITRUS SUMMIT*

By die 2023 *CGA Citrus Summit*, het die borgskap van MPACT die insluiting van Schalk Burger by die program toegelaat – sy motiverende boodskap en eerlike bespreking was 'n hoogtepunt van die *Summit*. MPACT het weer as 'n bronsborg aan boord gekom, wat ons in staat stel om nog 'n groot rugby legende na die verhoog te bring. Hierdie keer sal ons iemand van buite die Suid-Afrikaanse span kry om oor sy ervarings te besin, en oor wat die Springbokke 'n wonderlike span maak. C.J. Stander het aan die Hoër Landbouskool Oakdale skoolgegaan. Hy het by die Cravenweek vir die SWD Arende gespeel voordat hy vanaf 2010 tot 2012 by die Bulle was. Alhoewel hy in 2012 saam met die Suid-Afrikaanse nasionale span geoefen het, het hy na Munster vertrek, waar hy 'n gunstelingseun van die rugby-mal Iere geword het. Hy het sy eerste pet vir Ierland in 2016 verdien – "the South African-born Ireland international is tough as nails and has an uncanny ability to break tackles, stay on his feet, and make hard yards". 'n Gepaste spreker by die *Summit*, waar die tema "Tough times don't last, tough people do" is. *Summit* registrasies is oop vir CGA-produsente-lede tot einde September, waarna dit vir alle afgevaardigdes sal oopmaak.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Einde van Week 37<br>Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronk-like skatting | Nuutste voorspel-ling | Finaal gepak | *Vision* 260 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | 2022 | 2023 | 2024 | 2023 | 2024 | 2024 | 2024 | 2023 | 2024 |
| Pomelo's | 17.7 m | 14.5 m | 15 m | 13.6 m | 13.7 m | 16.8 m | 15.2 m | 14.7 m | 16.2 m |
| Mandaryne | 33.5 m | 38 m | 41.3 m | 36.5 m | 37.9 m | 43 m | 41.7 m | 38.0 m | 39.6 m |
| Suurlemoene | 37 m | 35.6 m | 34.6 m | 35.4 m | 32.9 m | 37.9 m | 34.6 m | 35.6 m | 39 m |
| Nawels | 29.4 m | 24.8 m | 25 m | 24.5 m | 22.6 m | 25.7 m | **25.1 m** | 24.8 m | 22.3 m |
| Valencias | 52.2 m | 50 m | 44.5 m | 41.8 m | 34.7 m | 58.3 m | 49.1 m | 52.0 m | 55.4 m |
| **Totaal** | **169.8 m** | **162.9 m** | **160.4 m** | **151.8 m** | **141.8 m** | **181.7m** | **165.7 m** | **165.1 m** | **172.5 m** |